# CHRISTUS AS HOOF VAN DIE KERK EN ART. 46 VAN DIE KERKORDE

## 1. Inleiding

Die Presbiteriale Kerkregering handhaaf die kerk as 'n organiese eenheid wat lewe uit en tot en onderhorig aan sy Persoonlike Hoof, Jesus Christus die Lewende en die Teenwoordige in sy kerk.[1]

Die Dordtse Kerkorde, die klassieke voorbeeld van presbiteriale Kerkregering, is prinsipieel en histories gegrond op die Skriftuurlike belydenis dat Christus die organiese, en gevolglik enigste, Hoof van God se kerk is (Kol. 1 : 18).

Die artikels van die Kerkorde vorm 'n prinsipiële organisme op hierdie lewenswortel. Gevolglik kan een artikel nie ten koste van 'n ander gehandhaaf word nie. Ewemin kan 'n artikel tersyde gestel word sonder om die geheel te versteur, tensy dit 'n daad van verantwoorde reformasie is nie. Die prinsipiële-organiese eenheid van die Kerkorde beklemtoon die eis dat elke bepaling van die Kerkorde in harmonie moet wees met die eerste beginsel van kerkreg, dat Christus Hoof is, om dit te „verwerkelijken en te bewaren, te realiseren en te conserveren".[2]

Die sentrale betekenis van Christus as Hoof van sy liggaam, die kerk, bring onontwykbaar mee dat die kerkregering 'n bepalende faktor is in die beoordeling daarvan of 'n kerk nog waarlik kerk van Jesus Christus is. Want 'n kerk wat in sy kerkregering nie konsekwent die grondbeginsel handhaaf dat Jesus Christus, Seun van God, die enigste, lewende en reële Hoof is van sy kerk nie, vergryp hom aan die kenmerke van die ware kerk.[3]

## 2. Die eise van die Hoofskap van Christus aan die Kerkorde[4]

Die belydenis dat Christus die Hoof is van die kerk vereis dat die volgende grondbeginsels in die Kerkorde verwerklik sal word:

— Christus het die enige en organiese heerskappy as Hoof in die kerk wat sy liggaam is.

— Hierdie heerskappy oefen Christus uit deur sy absolute mag in hemel en op aarde.

— Christus oefen sy heerskappy in sy kerk ook onmiddellik uit deur die Heilige Gees met die Heilige Skrif.

— In sy middellike kerkregering laat Christus die Heilige Gees mense roep deur die gemeentelike verkiesing wat Hy gebruik om sy regering in die kerk te bedien as 'n bediening van die gesag van sy Woord. Hierdie bediening geskied deur die ouderling persoonlik, deur die ouderlinge gesamentlik as 'n Raad van die kerk of as afgevaardigdes in meerdere vergaderings van die kerke.

— In die organiese eenheid van Hoof en kerk staan die gelowiges, in die mondigheid van hulle geloof, sonder tussenkoms van die bediening van die ouderlinge, onder regering van Christus deur sy Gees en Woord, en ontvang in wese dieselfde regeeropdragte as die ouderlinge.

Om aan die bostaande grondbeginsels te beantwoord moet 'n Kerkorde aan sekere vereistes voldoen wat konsekwent die bepalinge in elke artikel beheers. Hierdie vereistes kan tot drie gereduseer word:

- Daar moet gelykheid tussen die bedienaars van die besondere dienste in die kerke wees.
- Die direkte verbondenheid aan Christus van die gelowiges as mondige lidmate moet gehandhaaf word.
- Die mag en gesag wat amptelik in die kerk uitgeoefen word moet die Woord van God as absolute grens hê.

## 3.1. Die organiese plek van art. 46 in die Dordtse Kerkorde (soos in gebruik in die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika)

Op voetspoor van die Reformatore eien die kerk homself in die Kerkorde volmagte toe in die kerkregering. Die Here Jesus self lei die kerk op die weg deur die sleutels van die hemelryk aan mense, as sy diensknegte, toe te vertrou. Hierdie mag en gesag van die kerk „is onbeskryflik heerlik",[5] en hou niks minder in as die volmag[6] om te beroep, te vermaan, sakramente te bedien en die tug toe te pas nie. Indien hierdie volmag dus onbegrenst is, onbepaald en onvoorwaardelik, sal dit niks minder wees as 'n ontseteling van Christus as die enigste en reële Hoof in die kerk nie. Maar die Kerkorde lê vir die volmagte 'n duidelike grens vas.

## 3.2. Die Woord as grens van kerklike volmagte

Die uitgangspunt van die Kerkorde word gevind in art. 1. Wanneer daar sprake is van „goeie orde" moet daarin 'n verskuilde[7] verwysing na 1 Kor. 14 : 40 gelees word. Dit hou tweërlei in: 'n afwysing van enige doperse weerstand teen 'n Kerkorde, én dit verbind die Kerkorde tot Skriftuurlikheid. „Orde" staan in die teksverband van 1 Kor. 14 : 40 teenoor „wanorde" (vs. 33), maar dan „wanorde" as die teendeel van „vrede". Die apostel sê dus: God is 'n God van vrede en daarom van orde. „Orde" beteken die vrede van harmonie in die organiese eenheid van die kerk met sy Hoof, want Hý is die vrede van die kerk (Ef. 2 : 14 e.v.). Daarom is die ganse Kerkorde ondergeskik aan én afhanklik van die Woord, want in die Woord word bepaal hoe die lewe in die vrede van Christus is.

Die Woord bepaal die orde sowel deur voorskrifte as deur die voorbeelde van die Nieu-Testamentiese kerk. Hierdie orde vorm die skelet van die Kerkorde. Daarby word slegs bepaal wat noodsaaklik is om die opdragte van Christus op die mees ordelike wyse uit te voer. Onnodige reglementering dwing die lewe tot verstarring, want dit werk wettisisme, kasuïstiek, uitblussing van die Gees in die hand en bevorder 'n wêreldse juridiese nalewing van die letter. Wars van reglementering, laat die Kerkorde met vertroue ruimte vir die reële regering van die Hoof, en vir die werking van die Gees met die Woord in die hart en verstand van sy diensknegte.

## 3.3. Die Woord en die regspraak in die kerk

Ruimte vir die Gees en Woord spreek duidelik uit art. 31.[8] Hierdie artikel lê nie sg. ratifikasiereg[9] van plaaslike kerke vas as grens

vir die seggenskap (auctoritas) van meerdere vergaderings nie. Die artikel lê die Woord van God neer as grens vir alle kerklike gesag en mag, in die meerdere vergaderings sowel as in die plaaslike kerk. So verskil die kerk van die valse kerk met sy eie mag en gesag.[10]

Met die grens van kerklike gesag en mag in die Woord van God word in art. 31 „beroep... op 'n meerdere vergadering" bepaal om die adres waar en die wyse waarvolgens die bewys van onskriftuurlikheid gelewer moet word vas te stel. Die vergadering wat besluit het word dus gekonfronteer met die regspraak van 'n meerdere vergadering op grond van die Woord. Met die regspraak moet dus deurgang gegee word aan die Christusregering. Daarom mag dit „nooit uitgeoefen word op 'n juridiese manier nie, laat staan nog op 'n wettiese of wêreldse manier".[11] Die regspraak moet so geskied dat die orde wat die kerkregering bewerk die vrede van Christus verwerklik.

## 3.4. Die Hoof self as Regter in die kerk

Die Kerkorde maak ook ruimte vir die regering van Christus in sy kerk op 'n wyse waar 'n derde party van mense nie die regspraak uitoefen nie. Die twee partye gaan met mekaar by die Woord van God staan voor die Hoof, „oop en bloot voor die oë van Hom met wie ons te doen het" (Hebr. 4 : 13). Hier gaan dit nie om regspraak nie maar om oorreding. Dit is die weg van gravamen. En dit word bepaal in art. 46 K.O.[12]

Die onkreukbaarheid wat altyd in die kerkregering moet geld, ontvang hier beklemtoning. Die feit dat Christus die Gesagshoof van die kerk is, bring mee dat die liefde die modus quo van die kerkregering bepaal. Die waarheid moet in liefde betrag word. Waar van die waarheid afgewyk word, of die kerkregering in 'n koue regsproses ontaard, is die Hoof losgelaat. Dieselfde geld vir sluheid en listigheid (Ef. 4 : 14) waarmee oor 'n teenparty 'n oorwinning behaal word deur middel van onheilige sette of geknoei.[13]

Die bedoeling van art. 46 was oorspronklik om onnodige herhaling[14] van besluite te voorkom. Maar van die begin af erken die Gereformeerde Kerkreg in hierdie artikel ten volle die reg en die plig om noodsaaklike veranderinge in kerklike besluite aan te bring — iets unieks in die wêreld van die kerkreg. Dit is vasgelê in die slotsin van die artikel: „tensy dit noodsaaklik geag word om iets te verander".

Alleen meerdere vergaderings word hier by name genoem. Kerkrade is net so feilbaar. Daarom behoort die artikel, soos art. 29, te lui: „kerklike vergaderings". Dit is verder nodig om die artikel in uitgesproke ooreenstemming te bring met die besluit van die sinode in 1964: 'n gravamen moet gerig word tot die vergadering wat die betrokke besluit geneem het waarteen beswaar gemaak word".[15]

'n Versoek tot verandering kan aan 'n kerklike vergadering op verskillende maniere voorgelê word. Daar bestaan nie net die eng keurslyfie van beskrywingspunt, appèl en gravamen nie. Voetius[16] sê: „gravamina sunt quaesita, aut indicia, de difficultibus in ecclesia

exortus, aut de negotiis communiter ecclesias omnes omnino & directe, aut quadammodo concernentibus; quae in & ab una ecclesia aut classe plene absolvi ne queunt".

Afwysing van beswaarskrifte op formele gronde mag hoegenaamd nie ligtelik, indien ooit, geskied nie. En die sake vir beswaar is bykans onbeperk. Beswaarskrifte moet ook nie negatief bejeen word nie asof dit 'n gees van eiesinnigheid weerspieël nie. Dit kán wees, maar normaalweg sal dit juis 'n gees van mondigheid en lewe in die kerk weerspieël. Selfs teen die Belydenis en die Kerkorde kan beswaar ingedien word, sowel as teen die mees formele handeling indien so 'n formele optrede die Hoofskap van Christus in gedrang bring soos die onbedekte hoofde van die vroue in Korinthe (1 Kor. 11 : 3).[17]

Wat is die unieke van hierdie „bij uitstek practische artikel";[18] wat sê dit alles?

Dit sê:

— in die Gereformeerde kerkregering is daar gewetensvryheid in die hoogste en geringste sake onder gebondenheid aan die Woord van God;
— die Gereformeerde kerkregeerders, (in die uitoefening van die heerlikste volmagte, in die bediening van die Christusregering), bely steeds ootmoedig: ons bly sondaars, tydelik, tydgebonde en dikwels van alle wysheid sku, gebrekkig in ons insig in sake en daarom altyd ten volle afhanklik van God wat sy Seun aan ons moet openbaar as ons Hoof (Matt. 11 : 25—27);
— die Here Jesus self regeer in sy kerk, al is dit deur die swakke en onvolmaakte diens van mense.

J. J. van der Walt, Kimberley.

---

1 Vgl. vir 'n breë uiteensetting: J. J. van der Walt: Christus as Hoof van die Kerk en die Presbiteriale Kerkregering, ongepubliseer, Proefskrif by die P.U. vir C.H.O. Jan. 1974.

2 J. Hovius: Het verband tussen onze Belijdenis en onze Kerkorde, p. 20.

3 Vgl. N.G.B., art. 29.

4 Vgl. J. J. van der Walt: op. cit., hfst. 2 en 3.

5 W. D. Jonker: Die Regering van Christus in sy Kerk, p. 9.

6 B. Gassmann: Ecclesia Reformata, Die Kirche in den Reformierten Bekenntnisschriften, p. 144 e.v.

7 J. Kamphuis: Verkenningen III, p. 10. Soos Kamphuis vind ek dit 'n verlies dat die direkte teksverwysing ontbreek. Vgl. D. Nauta: Verklaring van de Kerkorde van de Gereformeerde Kerken in Nederland, p. 43, 44; I. van Dellen en M. Monsma: The Revised Church Order Commentary, p. 19.

8 Art. 31 K.O.: „Wat op 'n kerklike vergadering met meerderheid van stemme besluit is, moet as vas en bindend beskou word tensy bewys word dat dit in stryd is met Gods Woord..."

9 H. Meulink en J. de Wolff: Korte Verklaring van die Kerkenordening, p. 78. Vgl. ook: L. S. Kruger e.a.: Handleiding by die Kerkorde van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, p. 195 en 210. Duidelike standpunt by: F. L.

Bos: De Orde der Kerk, p. 124.

10 N.G.B., art. 29.

11 W. D. Jonker: op. cit., p. 12.

12 „Sake vir behandeling op meerdere vergaderings moet nie opgestel word voordat die besluit van die voorgaande sinodes oor die voorgestelde punte nagegaan is nie, sodat wat eenmaal afgehandel is, nie weer voorgestel word nie, tensy dit noodsaaklik geag word om iets te verander".

13 Vgl. W. Hendriksen: Ephesians, p. 202.

14 F. L. Bos: op. cit., p. 174.

15 Vgl. I. van Dellen en M. Monsma: op. cit., p. 129.

16 Gisberti Voetii: Politica Ecclesiastica, (3 parts, 4 volumnia), IV, p. 124. Vgl. J. Jansen: Korte Verklaring, p. 205.

17 J. J. van der Walt: op. cit., p. 28 e.v.

18 F. L. Bos: op. cit., p. 174.